



Toekomspektief op onderwysleierskap vanuit historiese ervaring

DR. PIERRE EDWARDS

Intreerede as ereleerstoel in onderwysleierskap, Akademia, Centurion, 16 Februarie 2024

1. Senaat en Direksie van Akademia

’n Hartlike woord van dank aan die senaat en die direksie van Akademia vir die groot eer wat my te beurt geval het om die eerste bekleër van die ereleerstoel in onderwysleierskap te kan wees. Ek hoop om u vertrouwe waardig te wees en om ’n bydrae tot die uitbouing van hierdie besondere inisiatief te lewer.

2. Prof. Gawie du Toit-versiendheid

In dieselfde asem wil ek prof. Gawie du Toit in die besonder gelukwens met die versiendheid om ’n leerstoel in onderwysleierskap in te stel. Hierdie leerstoel is vir talle van ons oudonderwysers wat die voorreg van goeie rolmodelle as onderwysleiers en die vrugte van goeie onderwysleierskap in loopbane kon geniet, die vervulling van ’n lang gekoesterde ideaal.

3. Op ’n persoonlike vlak

Op ’n persoonlike vlak: Vir my is die instelling van hierdie leerstoel, gegewe die uitrangering van Afrikaanse onderwys en onderwysleiers die afgelope drie dekades, ’n besondere mylpaal op die weg wat Akademia gebaan het om Afrikaans sy verdiende regmatige plek in tersiêre onderrig in ons land te gee.

Vandag gaan my gedagte ’n dekade terug na ’n bekendstellingsfunksie van Akademia by die Afrikaanse Hoër Meisieskool aan die einde 2014. Dit was negentig jaar nadat genl. J.B.M. Hertzog, die destydse eerste minister van die Unie van Suid-Afrika, die hoeksteen van die daardie einste skoolgebou op 25 November 1925 gelê het – destyds die tuiste van die Afrikaanse Hoër Skool – die eerste Afrikaanse hoërskool in Pretoria.

Geïnspireer deur die ideaal van moedertaalonderrig, verskyn die woorde uit die gedig “Trou” van Jan F.E. Celliers op die hoeksteen:

“Ek hou van ’n man wat sy moeder eer in die taal uit haar vrome mond geleer.”

4. Oor leierskap

Na watter twee bekende leiers word hier verwys?

Wenk: Beide was op hul dag die leier van ’n wêreldmoondheid. Nee, die antwoord is nie Adolf Hitler of Benito Mussolini nie.

Gemeenskaplike kenmerke:

Albei was geneig om aanmekaar te praat oor wat ook al hul aandag op daardie oomblik geverg het

Kort aandagspan

Het vinnig geïrriteerd geraak

’n Geneigheid om te knak onder druk

Woede-uitbarstings

Boeliegedrag

Koud en afsydig, weinig empatie

Grootpraterij

Onrealistiese planne

Sarkastiese opmerkings

’n Liefde vir vuil grappe

Antwoord: Keiser Wilhelm II en Donald Trump.



Ek hoop nie u het vir een oomblik gedink dat bogenoemde eienskappe eie aan goeie onderwysleiers is nie ... Maar net 'n bewys dat die aanwys van leiers, hetsy deur oorerwing (Wilhelm II) of demokratiese verkiesings (Trump), geen waarborg vir goeie of suksesvolle leierskap is nie.

5. Oor die ereleerstoel

Dit is gebruikelik by 'n geleentheid soos hierdie dat die spreker standpunt inneem oor 'n bepaalde aspek van sy vakgebied. Aangesien ek geen kenner van die vakgebied "Onderwysleierskap" is nie, en nog minder weet van wat 'n ereleerstoel daarin presies behels, het ek vir Google gevra: Gee vir my inligting oor die eerste bekleër van 'n leerstoel in onderwysleierskap.

Toe kom dié antwoord:

Die eerste bekleër van 'n ereleerstoel in onderwysleierskap is gewoonlik 'n persoon van gevorderde leeftyd wat ewe skielik al die antwoorde het op die vrae wat hy nooit in die praktyk gestel het nie ...

Een ding was duidelik: Ek sou verder moes soek.

In gesprek met Marthinus Visser (besturende direkteur), prof. Danie Goosen (akademiese hoof) en prof. Gawie du Toit (dekaan: Fakulteit Opvoedkunde) is gesamentlik besin oor die visie van die ereleerstoel en 'n moontlike titel vir my aanbieding vanaand.

Die titel van my aanbieding "Toekomspektief op onderwysleierskap vanuit 'n historiese ervaring" en my visie vir hierdie ereleerstoel is dus 'n spanpoging van Akademia-personeellede waarin prof. Gawie du Toit 'n deurslaggewende rol gespeel het. Vir die inhoud van daardie visie moet ek egter tot tyd en wyl ek ook op die insigte van ander onderwysleiers kan staat maak, vanaand alleen pa staan.

My visie vir hierdie leerstoel het ses vertrekpunte:

1. Vorming van die volgende generasie onderwysleiers

2. Bevordering van navorsing en geleerdheid in onderwysleierskap.

3. Die vestiging van vennootskappe met skole en gemeenskappe

4. Bevordering van samewerking

5. Verbondenheid aan Afrikaans as waarde in die vorming van onderwysleiers.

6. Om 'n pleitbesorger vir onderwysende opvoeding te wees

Ten einde 'n bydrae tot hierdie leerstoel te lewer, het ek die afgelope paar maande by meer as een oudkollega kers opgesteek oor die uitdagings wat Afrikaanse onderwysleiers in die gesig staar. Uit my gesprekke was dit duidelik dat alhoewel Afrikaanse onderwys met reg trots op die gehalte van sy onderwysleiers kan wees, en natuurlik die gehalte van Afrikaanse skole, daar 'n groot behoefte aan bepaalde soorte kennis en vaardighede onder onderwysleiers, en meer spesifiek skoolhoofde, bestaan.

Na aanleiding van hierdie gesprekke, onder andere met Daan Potgieter (uitvoerende hoof: AON), Peregrine Joynt (hoof: Afrikaanse Hoër Seunskool) en dr. Carel Kriek (hoof: Midstream College en voorsitter van die SAOU-hoofdegroep, Pretoria) asook my veertig jaar ervaring van onderwysleierskap wil ek vanaand drie aspekte van onderwysleierskap aanroer wat myns insiens 'n deurslaggewende verskil in die beroepslewe van elke onderwysleier, maar in besonder die skoolhoof, kan maak.

Betreffende:

1. Vorming van die volgende generasie onderwysleiers

Vir my is die verkenning van twee aspekte in hierdie verband van kardinale belang vir die begeleiding van onderwysleiers:

- a. Dienende leierskap
- b. Mentorskap

Myns insiens sal kennismaking met die begrip "Dienende leierskap" vir elke onderwysleier van onskatbare waarde in hul loopbaan wees.



GREENLEAF

Die konsep van dienende leierskap het in die jare sewentig die eerste keer gestalte gekry in 'n essay van die Amerikaner Robert Greenleaf, getiteld “Die dienende as leier”.

Hy gebruik Christus as sy bepalende voorbeeld van 'n dienende leier, wat in Matteus 20:28 gesê het: “Ek het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien”.

Greenleaf het alle moontlike benaderings tot leierskap ondersoek en tot die gevolgtrekking gekom dat dienende leierskap die beste keuse is, selfs wanneer dit by die sakewêreld kom.

Hy stel dit as volg:

Dit begin met die natuurlike behoefte dat 'n mens graag diensbaar wil wees, om eerstens te dien. Dan ontwikkel die strewe om te lei. Die verskil manifesteer daarin dat die dienaar eers seker maak daar word na ander mense se belangrikste behoeftes omgesien. **Die beste toets is: Groei diegene wat gedien word as mense; word hulle gesonder, wyser, vryer, onafhankliker en meer geneig om self diensbaar te wees?**

'n Betekenisvolle aantal godsdienstige- en sakeleiers in Amerika het begin om Greenleaf se leierskapskonsep voor te staan en te bevorder. Soos dié filosofie verder uitgebrei is, het 'n meer geïntegreerde benadering ontwikkel, maar 'n opregte verbintenis tot diensbaarheid bly die belangrikste tema. Dit verteenwoordig die antitese van die mag-gesag-en-roem-mode

In hierdie verband dui een van ons mees gerespekteerde sakeleiers, Brand Pretorius, die rigting aan in sy boek: *Aan die stuur: My leierskapsreis*.

1. Die filosofie van dienende leierskap het sy oorsprong in die Christelike geloof. Deur 'n dienende leier te wees probeer ek om in die voetspore van Christus te volg en volgens sy voorbeeld te leef.
2. Tweedens pas dienende leierskap by my persoonlikheidsprofiel. Van nature kan ek nie 'n moeilike, veeleisende, onpersoonlike leier wees nie – dit sal nie opreg wees nie. Mense sal daardeur sien.
3. Ek het 'n hekel aan onredelike en outokratiese gedrag, in die verkleining en belediging van mense, tiranne wat met hul eie belang, ego en mag behep is.
4. Daar is 'n noue verband tussen dienende leierskap, werknemertoewyding en organisatoriese prestasie, m.a.w. tussen 'n onderwyseleier, sy personeel en die onderwysinstelling se prestasie.

OP 'N PERSOONLIKE VLAK

Ek moet bieg dat alhoewel ek eers laat in my onderwysloopbaan met die begrip “dienende leierskap” kennis gemaak het, het sulke onderwyseleiers reeds van vroeg af hul stempels op my afgedruk. My eerste hoof, mnr. Ned Roesch, was só 'n onderwyseleier.

Van hom en ander soortgelyke hoofde, vak- en kringinspekteurs van die ou TOD (Transvaalse Onderwysdepartement) asook sommige van my medehoofde in die SAOU en Seunskoolvereniging van SA, het ek geleer om my lojaliteit teenoor my personeel te betoon, om hulle te bemagtig en hulle te help om sukses te behaal, en dat daar geen groter vreugde is om saam ideale te verwesenlik nie.

Van hulle het ek ook geleer om my kollegas te laat weet dat ek hulle respekteer en vir hulle omgee, hulle waardeer en hulle nodig het en dat ek my bes doen om in almal se belang op te tree.

In my ervaring word so 'n benadering ryklik beloon. Dit ontsluit 'n kragtige dinamika in menslike gedrag. Mense sal dit met spontane ondersteuning beantwoord, wat jou in staat sal stel om 'n vlak van sukses te behaal wat jy nooit op jou eie sou kon bereik nie. Dienende leierskap open die deur na vertrouwe en skep 'n kultuur van hulp aan ander.

Ek stem nie saam met die hipotese van sekere van die kritici van dienende leierskap dat omgee vir mense nie versoenbaar is met 'n resultaatgedrewe benadering nie. Dienende leiers gebruik hulle “sagte” vaardighede soos die bou van goeie verhoudinge, spanwerk, afrigting en omgee om hulle “harde” doelwitte te bereik, soos strategie-implementering en die optimalisering van resultate.

Dienende leierskap is derhalwe nie 'n “warm en wollerige” benadering nie. Dit hoef nie 'n godsdienstige grondslag te hê nie, maar dit moet uit 'n plek van diep persoonlike oortuiging voortvloei. Indien dit opreg is, kan dit regtig werk.



Wat is daar nog wat dienende leiers onderskei?

Hulle het 'n sterk sin in etiek en 'n hoë vlak van selfkennis.

Hulle luister aandagtig na ander en toon begrip. Dienende leiers het empatie met ander.

Hulle is goehartig maar nie lafhartig nie; beslis maar nie onbeskof nie.

Hulle glo opreg dat leierskap nie oor rang, stand of gesag gaan nie. Hulle onderdruk hul ego en behoefte aan mag, maar verdien eerder hul invloed deur na hul mense om te sien.

Hulle is nederig maar nie bedees nie; trots maar nie arrogant nie.

Dienende leiers vind waarde in elke persoon. Hulle glo mense het 'n intrinsieke waarde buite hul funksionele bydrae as werknemers. As sodanig is hulle tot die persoonlike, professionele en geestelike groei van elke individu in hul span verbind.

Deur hul mense met opregtheid te dien, raak hulle sowel die hart as die verstand, en verdien so hulle lojaliteit en toewyding.

Dienende leiers verstaan hul volgelinge se behoeftes en doen hul bes vir hulle.

Hulle weerstaan die versoeking om hul gewig rond te gooi, en is 'n toonbeeld van nederigheid.

Hulle weet die uitoefening van mag is 'n leë korttermyn-oorwinning, aangesien dit altyd ten koste van ander mense is.

Hulle is nederig genoeg om hul volgelinge toe te laat om hulle iets te leer.

Terselfdertyd gee hulle rigting en handhaaf hulle 'n sterk fokus op resultate en prestasie.

Dit is 'n wanopvatting dat dienende leiers swakkele of jabloers is.

- Hulle is streng maar regverdig.
- Hulle is dapper maar nie bullebakke nie.
- Hulle berispe en pas dissipline op 'n oop, hoflike wyse toe wanneer dit nodig is.
- Hulle fokus op gedrag en nie op die persoon nie.
- Hulle kritiseer sag en in privaatheid.
- Hulle tree moreel op en daar kan op hulle gereken word wanneer dit saak maak.
- Hulle neem standpunt in as iets verkeerd is, selfs al moet hulle alleen staan.
- Hulle het die moed om moeilike besluite te neem, maar implementeer dit met deernis en empatie.
- Hulle is streng wanneer dit by resultate kom, maar hulle het 'n sagte hart wanneer dit by mense kom. (hard op standarde, sag op mense)

Vanselfsprekend voldoen nie alle onderwysleiers aan hierdie eienskappe nie – ons is menslik met ons eiesoortige foute en tekortkominge en onderwysleierskap is 'n lewenslange reis. Ek is egter oortuig dat enige onderwysleier, maar veral 'n skoolhoof, vervul kan wees as hy die beginsels van dienende leierskap bestudeer en toepas.

Een ding kan ek u waarborg: U gaan ongekende geluk en vervulling beleef en besef dat u een van die mees bevoorregte mense in die Afrikaanse gemeenskap is omdat u, m.b.v. ander mense, 'n groot verskil in mense se lewens kan maak.

ENKELE GEDAGTES OOR MENTORSKAP MET DIE OOG OP DIE ONDERSTEUNING VAN HUIDIGE EN TOEKOMSTIGE ONDERWYSLEIERS

In 1995, die eerste jaar van die nuwe onderwysbedeling, het die hoof van 'n vooraanstaande privaat seunskool in Johannesburg tydens 'n internasionale seunskoolkonferensie uit die bloute verklaar dat hy nêrens ter wêreld die gelyke van die ou Transvaalse Onderwysdepartement (TOD) kon vind nie. (Die hoof was tot met sy aanstelling as hoof van die privaat skool aan 'n Engelsmedium-TOD-skool verbonde.).



Ek moet bieg dat ek as enigste voormalige TOD-hoof besonder trots gevoel het, maar op daardie tydstep nie die vaagste benul gehad dat die gehalte of professionaliteit van die gewese TOD aan uitstaande onderwysleierskap toe te skryf was nie. Dit sou eers jare later tot my deurdring dat die gehalte van 'n skool en van 'n onderwysstelsel nooit hoër as die gehalte van skoolleiers (op alle vlakke) en onderwysleiers (op alle vlakke) kan wees nie.

Ek is seker dat êrens langs u pad in die onderwys 'n onderwysleier, en met onderwysleier bedoel ek nie noodwendig 'n skoolhoof of iemand in 'n bepaalde bevorderingspos nie, 'n deurslaggewende rol gespeel het in u besluit om 'n onderwyser te word en dat verskeie van hulle later 'n mentorsrol in u loopbaan gespeel het. Waarom het hierdie persoon so 'n groot invloed op u gehad? Die mens wat hy of sy was en nie soseer hul leiers- of gesagsposisie nie.

Ek is nie skaam om te erken nie dat die nuwe skoolhoof wat ons aan die begin van my matriekjaar, 1970, by Affies verwelkom het, die legendariese Villiers Terblanche 'n deurslaggewende rol in my lewe en onderwysloopbaan gespeel het. Hoewel ons eerste aanskoue van hom in die skoolsaal ons ietwat benoud gemaak het vanweë sy haarstyl (poenskop, en sy bynaam was Appelpop) het hy die oomblik toe hy aan die woord kom ons verbeelding aangegryp. Hier was 'n man wat in enige geselskap of profesie 'n leiersrol sou speel. 'n Lang gesprek oor 'n loopbaan in die onderwys met mnr. Terblanche op die trein terug van Grey Kollege het my laat besluit om onderwyser te word. Dertien jaar later met my bevordering tot departementshoof ontvang ek 'n brief van gelukwense van hom waarin hy my aan ons treingsprek herinner. Nege jaar later, op die vooraand van my eerste skooldag as skoolhoof, ontvang ek 'n oproep van hom, op daardie stadium DG van Onderwys, kom gesels aan huis oor jou planne vir Affies. Nodeloos om te sê dat hy die aand gepraat het en ek geluister en geskryf het. Meer as een van die inisiatiewe wat hy daardie aand voorgestel het, is nog steeds deel van Affies se jaarprogram. Kort ná sy aftrede as DG ontstaan die gebruik op sy inisiatief om ten minste twee keer per kwartaal te kom "tee drink" – 'n tradisie wat ons die volgende agtien jaar tot 'n paar maande voor sy dood in 2013 kon voortsit. Wat 'n wonderlike voorreg om 'n mentor soos mnr. Terblanche te hê. Enkele voorbeeld: Afskaf van lyfstraf.

Ek besef terdeë dat nie almal so bevoorreg kan wees om toegang tot 'n mentor van wyle mnr. Terblanche se kaliber te hê nie. Maar het u al gedink watter deurslaggewende rol in u sukses en geluk as onderwysleier u meer ervare kollegas kan speel?

VOORBEELD VAN LOUISA VENTER

My mentor as beginnerhoof. Watter wonderlike voorreg om net die foon te kon optel en by jou kollega oorkant die straat kers opsteek.

Min ander beginnerhoofde so bevoorreg.

Ek kan geen rede sien waarom Akademia en hierdie leerstoel nie 'n bydrae kan lewer nie om kwaliteit onderwysleiers as mentors vir hul kollegas in te span.

Ek kan uit die vuis 'n paar skoolhoofde nomineer, sommige in hierdie gehoor, wat ek uit ondervinding weet uitstekende mentors vir beginner- en ervare skoolhoofde sal wees.

Ek is vasbeslote om van hulle kundigheid tot voordeel van alle onderwysleiers gebruik te maak ...

2. Bevordering van navorsing en geleerdheid in onderwysleierskap

Eie ervaring, kundigheid en 'n netwerk van professionele persone sal meewerk om die onderwysleierskap veld na te vors en innoverend te handel.

Benewens dienende leierskap en mentorskap is die idee van intellektuele kapitaal vir my van groot belang.

1. Voorbeeld van ACER in Australië

Ek moet bieg dat Australië en spesifiek die Australian Council for Educational Research (ACER) 'n reuse rol in my loopbaan as skoolhoof gespeel het. Die ironie is dat my bekendstelling aan hierdie merkwaardige instelling en die sleutelrol van intellektuele kapitaal per toeval geskied het. Ek het van 'n besoek aan my dogter in Sydney gebruik gemaak om ook besoek af te lê by twee toonaangewende seunskole in Sydney – een privaat (Scott's Boys College), een staatskool (Sydney Boys High School). Vrugbare onderhoude met die twee puik skoolhoofde, in kort: geesgenote, mense uit een stuk. Besef ons in SA hoef geen duim terug te staan nie – trouens, wat skoolterrein en 'n betrokke ouergemeenskap betref, in uiters bevoorregte posisie.

Why not the best schools? deur Caldwell en Harris

Tydens 'n besoek aan die geskiedenis-afdeling van een van Sydney se uitstaande boekwinkels kom ek op 'n relatiewe dun boekie van ene BJ Caldwell & J Harris af, getiteld: *Why not the best schools?* Die boek, met die subtitel: *What we have learned from outstanding schools around the world*, was ironies genoeg verkeerdelik in die geskiedenis-afdeling i.p.v. onderwysbestuur-afdeling geliasseer was, handel oor suksesvolle sekondêre skole in ses lande, te wete Australië, Engeland, Finland, China, die VSA en Wallis.



Hul slotsom was dat enige skool enige plek ter wêreld sukses kan behaal deur vier soorte onderwyskapitaal te versterk, naamlik intellektueel; sosiaal; spiritueel en finansiële – en dit in lyn te kry deur uitstaande bestuur/leierskap. Outstanding governance.

IK verwys na die vlak van kennis en vaardighede van diegene wat in skole werksaam is.

’n Belangrike tema is dat intellektuele kapitaal die dryfkrag is agter die beste skole.

Hele hoofstuk: Die kwaliteit van skole sal nooit die kwaliteit van die personeel oorskry nie.

Ons glo dat IK die hoof dryfveer is om goeie skole te kweek. Almal wat in of vir goeie skole werk, moet aan die voerpunt van kennis en vaardighede ontwikkeling staan.

Outeurs het tien aanduiders vir elke vorm van kapitaal en bestuur ontwikkel, ens.

Dit was ’n boek wat my horisonne as skoolhoof oneindig verbreed het.

2. ACER se Educational Leadership Dialogues

Hierdie Opvoedkundige Leierskapsdialoeë-reeks skep ’n brug tussen opvoedkundige navorsing en praktyk en voorsien bronne wat opvoedkundige leierskap ondersteun. Die reeks gebruik navorsers en ervare skoolhoofde om kort, brongebaseerde praktiese gidse op te stel oor temas wat van waarde is, wat eindig in ’n ryk dialoog van praktyk en navorsing.

Soortgelyke Educational Leadership Dialogues onder die vaandel van Akademie se Fakulteit Opvoedkunde?

3. Learning for Leadership: Building a school of professional practice – Michelle Anderson & Christine Cawsey

Leer vir Leierskap ondersoek hoe skoolhoofde programme en praktyke kan inisieer en onderhou om die leierskappotensiaal van onderwysers in hul skole te kan ontwikkel. Dit verduidelik die teorie agter die konsep van opvoedkundige leierskap en dan vertel dit die verhaal van ’n skool wat gekenmerk word deur sy leierskapsontwikkeling.

Waarom kan ons nie ’n blaadjie uit ACER se boek neem nie? Gesaghebbende publikasies wat berus op ’n kombinasie van teorie en praktyk.

4. How to get your school moving and improving – Steve Dinham

Agt hoofstukke voormalige hoof, dosent en gerekende internasionale navorser.

Dinham: My filosofie oor opvoedkundige navorsing is dat dit Rigorous, Relevant en Readable moet wees as dit van waarde vir onderwysleiers moet wees (3R’e).

Kwaliteit onderrig in aksie: Wat doen effektiewe skoolleiers om leer en onderrig aan te moedig. Hoe kan leierskap bydra tot uitstekende opvoedkundige uitkomst in junior sekondêre skole?

Daar is ’n hele hoofstuk oor “Educational Leadership”.

Om alles saam te vat: Hoe kan opvoedkundige leiers skole kry om te beweeg en om te verbeter? Daar is ongeveer twintig riglyne.

Ek kan geen rede sien waarom Akademia nie soortgelyke publikasies in Afrikaans tot die beskikking van Afrikaanse onderwysleiers kan stel nie.

In dié verband wil ek graag na my goeie vriend en mentor, Jannie van der Westhuizen, se uitstekende Reisgids vir onderwysleiers: Grondpad of teerpad verwys. Kort gestel: ’n moet vir enige voornemende, beginner of ervare skoolhoof/onderwysleier verwys.

Onderwysleiers en veral skoolhoofde het ’n besige program (myns insiens te besig!) en het eenvoudig nie die tyd om op hoogte van sake (onderwysleierskap) te bly nie. Dit is juis op hierdie terrein dat ek van mening is dat die leerstoel ’n groot bydrae kan lewer.

Lees, lees en nogmaals lees!

’n Onderwysleier vandag het geen verskoning om nie sy intellektuele kapitaal deur leeswerk aan te vul nie. Daar is myns insiens ’n paar boeke, wat nie per se oor onderwysleierskap handel nie, maar wat onontbeerlik vir elke onderwysleier is: Stephen Covey se *7 habits of highly efficient people* en Jim Collins se *Good to great* en *Built to last*, om maar enkeles te noem.



En vir die rugby-hoofde: Eddie Jones se *Leadership: Lessons from my life in rugby*.

Ek het nuus vir u: u gaan bitter min leer wat vir u eerste rugbyspan van waarde gaan wees, maar baie vir u as onderwyseier. Rede: Eddie Jones is 'n oudonderwyser en skoolhoof! Lees gerus.

3. Die vestiging van vennootskappe met skole en gemeenskappe

Ek sal my toewy aan die vestiging van sterk vennootskappe met skole, distrikte en gemeenskappe. Die doel is om uitdagings en geleenthede in onderwysleierskap aan te spreek ten einde brúe tussen teorie en praktyk te bou.

4. Bevordering van samewerking

Ek sal daarna streef om samewerking tussen universiteite, skole en ander organisasies aan te moedig om 'n meer inklusiewe en effektiewe benadering tot onderwysleierskap te kweek, met spesifieke verwysing na SAOU, FEDSAS, AON, SOS, om enkele te noem. Hierdie organisasies doen ongelooflike werk om die saak te bevorder.

5. Verbondenheid aan Afrikaans as waarde in die vorming van onderwysleiers

Getrou aan die vormingsideaal van Akademia sal vanuit hierdie leerstoel daarna gestreef word om deur middel van opvoeding en opleiding onderwysleiers te vorm wat verbonde sal wees aan die Afrikaanse gemeenskap.

6. Om 'n pleitbesorger vir onderwysende-opvoeding te wees

Om op alle terreine van die samelewing 'n passievolle pleitbesorger vir onderwys en opvoeding in Afrikaans te wees en vanuit hierdie leerstoel die belangrikheid van onderwysleierskap te bevorder, en terselfdertyd ook die uitdagings wat opvoeders, studente en skoliere in die gesig staar, onder die aandag van die breë publiek te bring.

Die woorde van ons gevierde digter, D.J. Opperman, uit sy bundel *Negester oor Ninevé* kom onwillekeurig by my op:

Onthou altyd aan jou dade grens 'n ewigheid;

gee sin aan voorgeslagte deur die eeu heen

Diep onder die indruk van die waarheid wat in hierdie opdrag vervat is, stel ek my ten doel om Akademia die intellektuele tuiste van die Afrikaanse onderwyseier te maak, want sy lewenstaak hét ewigheidswaarde.
